ANTARKTIESE BULLETIN

MARCH, 1966 — No. 14 — MAART
MAY, — No. 15 — MEI 1966

Published by the South African Antarctic Association
605, Westbrook, Devenish Street, Sunnyside, PRETORIA.

Uitgegee deur die Suid-Afrikaanse Antarktiese Vereniging
Westbrook 605, Devenishstraat, Sunnyside, PRETORIA

Patrons/Beskermhere: Prof. S. P. Jackson, M.A., D.I.C., Ph.D.
Dr. S. Meiring Naudé, M.Sc., Ph.D., D.Sc.h.c., L.L.D.h.c.

Editor/Redakteur: Andre v.d. Merwe

REDAKSIONEEL — EDITORIAL

Met die laaste jaarvergadering is afskeid geneem van dr. J. J. Taljaard wat redakteur van die *Bulletin* was sedert die eerste uitgawe in Januarie, 1964. Om in sy voetspore te moet tree, is moeilik. Sy breë kennis en byna daaglikse skakeling met Antarktika en die Subantarktika het die *Bulletin* opgebou in 'n tydskrif van sowel populêre as wetenskaplike belang. Slaan die dertien uitgawes na wat alreeds verskyn het. U sal 'n gedugte oorsig en weergawe daar vind van die pogings wat in vergange dae aangewend is om die Suiderland te ontdek, en van die menigvuldige opnames en waarnemings wat deur Suid-Afrikaanse Antarktikane gemaak is. Dis werklik alreeds 'n getroue bron vir naslaandoeleindes. Dit is ons aan die uittredende redakteur verskuldig. Ons wens hom en mev. Taljaard 'n ryke voorspoed toe met hulle verblyf orsee wanneer dr. Taljaard by Boulder, Colorado, sal werk, waarheen hy uitgenooi is deur die National Council for Atmospheric Research. Baie geluk en baie dankie aan u albei vir u dienste aan die *Bulletin*.

Met toetrede tot hierdie pos word tegelykertyd begin met 'n nog breër verspreiding van die *Bulletin* as byvoegsel tot die *Spectrum*, die kwartaalblad van die Stigting vir Onderwys, Wetenskap en Tegnologie. Aangesien hierdie blad hoofsaaklik vir wetenskaponderwysers bedoel is, bereik die Antarktiese Vereniging hierdeur sy een groot doelwit om inligting oor Antarktika op 'n breë front vir die jongmens daar te stel en sodoende groter belangstelling te wek. Dis 'n verantwoordelike taak, 'n aangename voorreg en grootse erkenning van die leemte wat deur die *Bulletin* in die Suid-Afrikaanse joernalistiek gevul word. Op u word gereken om te sorg dat hierdie front warm bly. U bydraes word gretig ingewag.

THIS REWARD YOU DESERVED!

Double honours came to Mr. Martin du Preez on the night of the recent Annual General Meeting of the South African Antarctic Association. The retiring Chairman, Mr. D. G. Kingwill, announced that the Antarctic Medal Committee had decided to award him the Antarctic Medal, presented yearly by B.P. In addition he was elected as the new Chairman of the Association for the ensuing year.

Marten du Preez . . . on ice in 1960 and again in 1962.